

# "DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 24.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

**13 Junie 2021**

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

## EREDIENS: Dr. Petrus Venter

### Erediens – 9h30 (Voorbereiding)

#### LITURGIESE GEGEWENS

**Skriflesing:** Johannes 10: 1 - 10

**Teks:** Johannes 10: 7, 9

**Sing- VOORAF SANG:** Ps. 119: 1, 5

**TYDENS EREDIENS:** Ps. Ps. 122:1,2;

Ps. 9:3,10,15; Ps. 118:9; Sb.15-7(43):1

#### SEWE EK-IS UITSPRAKE VAN JESUS DERDE UITSPRAAK

#### EK IS DIE DEUR VAN DIE SKAPE

#### LEERPREDIKING

Ons leerprediking sal eers weer op latere datum hervat. U sal in kennis gestel word wanneer ons weer daarmee sal voortgaan.

### Vooraf sang: Ps. 119:1,5

#### Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 122: 1, 2

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

#### Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps. 9:3, 10, 15

#### Gebed

#### Woorddiens

Sing: Ps. 118:9

**Skriflesing:** Johannes 10: 1 - 10

**Teks:** Johannes 10:7, 9

**Preektema**

#### **EK IS DIE DEUR VAN DIE SKAPE**

#### Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – DVB

By die deure – Teologiese Skool Biblioteek

#### Slotpsalm

Sing: Sb. 15-7 (43):1

#### Wegstuurseën

## KOLLEKTES

**Vandag:** 13 Junie 2021 (Voorbereiding)

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Teologiese Skool Biblioteek**

**Sondag:** 20 Junie 2021 (Nagmaal en Nabetrugting)

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Transoranje-Instituut**

**U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...**



## WYK – DIENSBEURT

Vandag – 13 Junie 2021: Wyk 6

- **Ouderling:** Br Pieter du Plessis
- **Diaken:** Br Ferdie Nel
- **Wyksuster:** Sr Estea du Plessis

Sondag – 20 Junie 2021: Wyk 7

- **Ouderling:** Br Wolfie Reinecke
- **Diaken:** Br Johan Reinecke
- **Wyksuster:** Sr Kobie Reinecke

## MEELEWING

- Almal wat in hierdie laaste tyd positief getoets het vir die Covid-19 virus en almal wat in isolasie is bid ons die genade en krag van die Heilige Gees toe vir genesing. As van ons lidmate nood ervaar en kragte min is rondom voorbereiding van etes en dies meer kontak die pastorie dat ons reëlings kan tref dat kos by u huis afgegee kan word. Al mag ons nie met mekaar in fisiese kontak kom nie moet ons in tye soos hierdie ten minste mekaar wil help, al is dit op afstande deur ...
- Ons is dankbaar dat ons almal wat die Covid-19 virus opgedoen het, nog in lewe is en die Here ons deur hierdie tyd ook gedra het. Die volle betekenis van Sondag 1 en Sondag 10 van ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus behoort ons opnuut aan die harte te gryp.
- Br Jan Venter is steeds baie verswak en sy kragte is min. Ons dra hom aan die genadetroon van die Here op.
- Hartlike gelukwense aan dr Bertie Fourie wat verloof geraak het. Mag daar vir hom in hierdie tyd weer groot vreugde en dankbaarheid lê in die samesyn en vooruitsig op hulle voorgenome huwelik.

## VERJAARSDAE

Dinsdag - 15 Junie Michiel Burger

Donderdag- 17 Junie Phil Snyman

Vrydag – 18 Junie Lynn van Niekerk

Saterdag – 19 Junie Albertus Viljoen

Donderdag – 24 Junie Hanré Strauss

Vrydag – 25 Junie Jan de Kock

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart – 10 Junie 2021	R200 295-00
Gemiddeld per besoekpunt per maand	
Werklike uitgawes vanaf 1 Maart – 10 Junie 2021	R346 603- 56
Tekort afgelope 3 maande	R51 374-47
Ramings per lidmaat per jaar	R543-29

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg.**

**Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

### KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

**Laerskool-kategese** Die rooster vir 2021 is opgestel en kan by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> afgelaai word. Al ons lesmateriaal (*Laat my lammers wei en die dele uit die Kategismus*) wat die Laerskool hierdie jaar behandel is by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> opgelaai. Ons is besig om verlore werk te probeer inhaal. **Vandag wil ons kom by Sondag 10 Kategismus en hfst. 10 van Laat my lammers wei**

**Hoërskool – kategese** Ons het gevorder tot by Les 32. Ons gaan poog hierdie week by Les 33 uit te kom. Dit is dan ook die laaste hoofstuk in die boek *Leer uit die Woord ...*

### BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die gebed wat ons in die week na wil kyk staan in Lukas 22: 31 – 40. Dit is 'n besondere gebed van Jesus Self. **Hier sien ons hoe Jesus bid vir Petrus se behoud.**

### HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep. Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

### PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

**Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.**

**Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Hulle behoort vanaand Sondag 22 aan die orde te stel. Die diens begin om 19h00.**

### VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na [www.vsod.co.za](http://www.vsod.co.za). Op Facebook kan u gaan na [bit.ly/2OoU0nf](http://bit.ly/2OoU0nf)

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Kerkraadsvergadering- Eerskomende Woensdag 16 Junie 2021 om 18h00 by kerk

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 6/6	<b>22</b>
Kollekte: DVB – 16/5, 23/5, 6/6	<b>R1701-00</b>
Kollektes by deure: 16/5,23,5,30/5, 6/6	<b>R1431-00</b>
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	
Kollekte Dorkas-susters 30/5	<b>R967-00</b>

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na

[admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)